# Informa

2004- 2 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# MBA-evaluering: Stappe is reeds in plek



"Alles is klaar in plek. Dit moet net oor 'n jaar voorgelê word aan die Raad op Hoëronderwys (RHO)," sê prof. Helena van Zyl, Direkteur by die Bestuurskool aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), oor die akkreditasie van die UV se MBA-graad.

Prof. Frederick Fourie, Rektor en Vise-kanselier van die UV, het bevestig dat die kern van dit wat in die UV se MBA-programme aangebied word, gesond is. "Die sleutelelement van onderrig en opvoeding, wat verband hou met die kurrikulum en inhoud van die drie MBA-programme, word nie bevraagteken nie," sê hy.

Die drie MBA-programme van die UV (MBA Algemeen, MBA in Gesondheidsorgbestuur en MBA in Entrepreneurskap) voldoen aan die meeste van die minimum vereistes van die evalueringsproses en dra betekenisvol by tot studente se kennis en vaardighede, is relevant tot die werkomgewing, beskik oor genoegsame hulpbronne en bevat 'n geskikte interne en eksterne programomgewing.

Die RHO het egter bevind dat 'n paar tegniese en administratiewe kwessies aangespreek moet word. Dit is waarom die MBA-program van die UV voorwaardelike akkreditasie ontvang het – wat opsigself 'n betekenisvolle prestasie vir die Bestuurskool is omdat die skool slegs vier jaar oud was toe die program geëvalueer is. Die UV moet aan die volgende voorwaardes voldoen voordat volle akkreditasie deur die RHO toegestaan sal word:

- **'n Formele forum van belangegroepe**: Die UV moet 'n meer gestruktureerde en inklusiewe evalueringsproses vir MBA-programme vestig.
- **'n Werkverdelingsmodel**: Die model word benodig bo die

*vervolg op bl. 10*

Mooirivier Makelaars Bk



**Spesialiseer in groepsversekering**

**Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens**

**Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za**

# Social Contract can help to shape a new society

When the University of the Free State (UFS) began its transformation process in the early 1990s, one important thing was left out, namely defining the final product of this process. "We never sat together and decided what kind of society we want to create on campus and the values that should inform the new community that we were creating," says Mr Billyboy Ramahlele, Director: Diversity and Equity.

"That is why the newly appointed Vice-chancellor, Prof. Frederick Fourie, introduced the Social Contract process which is a campus-wide dialogue that aims to identify the core values for the institution and the new institutional culture we are building." In his inaugural speech Prof. Fourie said that the shaping of a new nation requires work on the fabric of society, the workplace and human interaction. "The Social Contract could be a useful instrument in conveying a clear vision and providing a firm basis for level-headed thinking and planning surrounding all the issues, for addressing fears as well as fuzzy thinking arising from uncertainty about where are we going," said Prof. Fourie

Mr Ramahlele says the UFS is always striving to respond proactively to the realities of the new South Africa. This institution has gone far in managing the transformation process, dealing with the complexities of multiculturalism, multi-lingualism, equity and access as well as financial sustainability.

"One of the main successes for the UFS was becoming a fully non-racial and multi-cultural institution where the student population is roughly 50% black and 50% white. The UFS is busy finalising a strategy to ensure that the staff component also reflect the diversity of our South African population."

Mr Ramahlele says transformation does not mean the beginning of a black take-over, but the creation of a new, more representative campus society, informed by South Africa's national agenda of nation building and reconciliation. We are building a model of a new South African institution characterised by higher values, such as non-racialism, non-sexism, multiculturalism and multi-lingualism where all are welcomed, supported and feel at home.

Prof. Fourie emphasised the commitment of the UFS to open doors of learning to all. "The UFS is dedicated to multilingualism. We are serious about making it work. "The parallel-medium model, which was introduced in 1989, enabled the UFS to provide a good service to all the communities in the Free State, with students having the option of classes in Afrikaans or English. It had a huge impact on the access of black students to higher education in the Free State, enabling the significant change and transformation in the student profile of the UFS."

Prof. Fourie initiated the Social Contract process as a means of bringing all Kovsies – students, staff, black and white – together to define what the "Promised Land" at Kovsies should look like.

Mr Ramahlele, says the promotion of multi-lingualism through the language policy required a big social and psychological mind shift for employees, students, donors as well as alumni. The language policy has many positive benefits, but indeed some workload negatives.

"I must applaud Afrikaans speakers for embracing these initiatives by sacrificing their family and professional time. This university is known for men and women who are able to strike intelligent compromises in situations of differences," says Mr Ramahlele.

The Social Contract is seen as a campus-wide dialogue which will involve all members of the UFS community to contribute in determining the values and principles that must shape the culture of the institution.

These could include academic excellence, respect for the rights of the individual, respect for language and cultural diversity, teamwork, fairness, etc. Such a dialogue is not only an important ingredient in a successful transformation process, but also encourages people to talk in an open way and to challenge each other's views.

The Social Contract process will be conducted in the form of structured workshops. Inputs generated from these workshops will be compiled into a consensus document to be adopted by management, staff and students.

Mr Ramahlele says, this is an opportunity to be part of an exciting and fulfilling exercise of building something new and worthwhile on the UFS campus, and called on staff and students to take part.

# From cleaner and security guard to graduates at Qwaqwa

Ms Seanokeng Lebone and Mr Jack Vezi received their B Com and B Admin degrees respectively on 8 May 2004 during a graduation ceremony held at the Qwaqwa Campus. For both of them the road towards this joyous and proud day was not easy.

Jack without matric, and Seanokeng, single mother of two children, applied for a job at the Qwaqwa campus. Seanokeng was appointed as security guard and Jack was working as cleaner.

Management identified the potential in these two employees and with support from their families, friends and colleagues they started their studies. The university environment served as an inspiration that made them to consider furthering their studies. Firstly, Jack completed his matric and later he enrolled in a B Admin degree. Seanokeng obtained a secretarial diploma and after tasting success, she enrolled for a B Com degree.

Their commitment and determination paid off. Seanokeng is currently working for the Finance Section and Jack as the Student Development Officer at the Qwaqwa campus.



*Mrs Seanokeng Lebone and Mr Jack Vezi*

# New challenges awaits the Vista campus, said Prof. Schultz

"The value the Vista campus is bringing to the UFS could be channeled into creatively establishing new and exciting dimensions to the university without compromising any of the five strategic pillars of quality and excellence, financial sustainability, diversity, equity and redress, regional cooperation and engagement and visionary national and international leadership," said Prof. Talvin Schultz, Head of the Vista campus. The incorporation of Vista Bloemfontein in 2004 marked the beginning of a new century for the UFS.

In 1976 the Vista campus emerged in response to the student demands for better quality education. Since its inception in 1982 the Vista campus provided educational opportunities for teachers to improve their qualifications and the educational experiences in black schools despite the depressed surroundings.


As the professional opportunities to blacks expanded during the post-1994 period the student-enrolment patterns shifted away from Education and General Humanities towards studies in Law and Economic and Management Science. "Despite the many social shifts and changes, the Vista campus was always mindful of the need to remain a financially sound business entity," said Prof. Schultz. What was eroding the sustainability of the Vista Campus in the post-1994 period was its competition with the UFS for the same student cohort. Prof. Schultz, said the incorporation with the UFS has in this regard eliminated an undesirable and wasteful competition. The university is now in a better position to tackle the challenges of national policy as a single integrated and coherent entity.

Despite the many post-1994 social changes the challenge of providing and supporting quality education in most traditional Black schools has remained formidable which result in on-going unequal opportunities for most children.

Consistent with this is the ambitious challenge to entrench "life-long learning" opportunities for adults with unfulfilled potential leading to depressed income and employment prospects. Prof. Schultz said that without tackling this wider challenge, the university's collective efforts in employment equity and job creation will continue to be frustrated. All these matters are inextricably connected to management's strategic focus of the UFS that was consistently reaffirmed over the last few years.

Prof. Schultz said that it is important to emphasise the link between the long-term vision of the university and the decisions formulated by the Joint Incorporation Management Team (JIMT). All decisions were aimed at leveraging the following inter-connected strategic positions within the university:

- To phase out Vista campus programmes that are duplications of current UFS programmes. The aim of this process is to fulfill the UFS service commitment to current pipeline students.



*Prof. Talvin Schultz who is leaving the UFS at the end of this semester.*

- A roll-out of new programmes and activities at the Vista campus that complements the UFS's strategic reach of the current focus. This roll-out must effectively re-deploy the surplus financial, human, physical and other resource capacities generated by the phasing-out process.

Locating the district Education Resource Centre of the Provincial Department of Education on the Vista campus is part of the university's strategic commitment to evolve future niches around partnership that from the start secure complementary third stream funding.

# Leeslaboratorium kry nuwe rekenaars

"Goeie leesvaardighede is dikwels die basis van suksesvolle studie. Gebrekkige leesvaardighede kan tot negatiewe ervarings lei wanneer studente nie genoeg tyd het om deur groot volumes studiemateriaal in die voorgeskrewe tyd te werk nie," sê mev. Catherine Hatting, Vakkundige beampte by die leeslaboratorium.

Goeie nuus is dat die leeslaboratorium by Kovsievoorligting en Ontwikkeling (KVO) opgegradeer is en met 15 nuwe rekenaars spog. Die nuutste tegnologie en leesprogramme om leesvaardighede deur middel van leeskursusse te verbeter en te ontwikkel is gratis vir UV-studente in Afrikaans en Engels beskikbaar.

Omdat gebrekkige leesvaardighede ongelukkig baie keer eers geïdentifiseer word wanneer leerders die oorgang van hoërskole na hoëronderwysinstellings maak, sal die diens veral eerstejaarstudente met gebrekkige leesvaardighede, insluitende'n lae leesspoed, van hulp wees. Gedurende die leeskursus word veral aandag gegee aan die verbetering van leesspoed en die ontwikkeling van lees- en studiestrategieë.

Die leeslaboratorium by KVO poog om deur dié gratis ondersteuningskursus die leesvaardighede van studente uit te brei sodat hulle in staat sal wees om lees- en studietake met gemak te kan bemeester. Persone van buite instansies is ook welkom om hierdie kursusse teen R200 per kursus by te woon.

## Hoe personeel teen korrupsie, bedrog kan help

'n Paar basiese beginsels en wenke wat personeel kan/moet toepas:

• Personeel word aangemoedig om 'n etiese kultuur, naamlik van wat reg en verkeerd is, te vestig.

• Meld korrupsie soos onder meer omkopery, bedrog, botsende belange en magsmisbruik tydig aan, selfs anoniem. Die goedgekeurde etiese gedragskode en die beleid rakende die aanmelding van onwettige en onreëlmatige optrede, is beskikbaar by http://kiewiet.uovs.ac.za/info/uofsdocs/menu

• Alle ander reëls, regulasies en beleide van die UV-Raad, soos die finansiële beleid, wat as beleid en prosedures dien, moet sonder uitsondering altyd deur almal gevolg word.

• Departemente en afdelings in fakulteite en die steundienste moet hul eie interne beheeromgewing, wat interne kontroles insluit, binne die riglyne van die UV skep. Dit sluit 'n behoorlike skeiding van pligte in. Dieselfde persoon mag nie vir al die rekeningkundige transaksies verantwoordelik wees nie, so kan dieselfde persoon ook nie eksamenpunte toevoer, dit nagaan en wysig nie.

• Voorskotbedrae mag nie aangewend word om bates mee aan te koop nie. Dit mag ook nie vir ander doeleindes as waarvoor vooraf goedkeuring verkry is, aangewend word nie.

• Lyntoesighouers moet toesien en verifieer dat uitgawes vir byvoorbeeld reiskoste werklik aangegaan is, dus dat die reis werklik vir amptelike doeleindes onderneem is.

• Eise vir die terugbetaling van uitgawes, aansoeke om voorskotte, rekwisisies vir die aankoop van goedere en/of dienste, aansoek om verlof, ensovoorts moet in terme van die UV se beleid goedgekeur word. Goedkeuring mag nie bloot gedoen word deur personeel wat een vlak hoër as die eiser/aanvraer is nie. Personeel mag nooit hul eie uitgawes, aankope en verlof goedkeur nie.

Kry meer wenke in die volgende uitgawe.

# Kom hóór die fees

Die Volksblad-Kunstefees is oppad. Vanaf 14 - 18 Julie 2004 word daar fees gevier op die Bult – groter en beter as ooit. Bring heidje en meidje en kom geniet die kunstemark wat strek vanaf die Rooiplein tot by Thakaneng-brug. Die fees word geopen met balonne, musiek en lekkers. Ook by die fees is ou treffers soos die Coca-Cola-Spontaanverhoog, die Konkakol, die Boekekraalprogram en ander kuierplekke.

Dié fees sal jou nie teleurstel wat betref teaterproduksies nie. Gunstelinge soos onder andere Jana Cilliers, Trix Pienaar en Francois Toerien is maar enkele akteurs wat hul buiging kom maak. Nataniël, Theuns Jordaan, Amanda Strydom en talle meer sal sorg vir vermaak uit die boonste rakke.

Vir die kleinspan is daar kinderteater, 'n mallemeule en ook 'n kindertent met toesig.

Akkommodasie op kampus is beskikbaar in Huis Koos en Huis Emily Hobhouse. Besprekings kan gedoen word by die kaartjieskantoor op die Thakaneng-brug.



*CR Swart sal 'n ogie hou oor die koffiedrinkery in die Java Hut in die CR Swart-gebou.*

# UV-eeufees nog lank nie verby

Klink die termes "Intervarsity braai", "Kovsie-Xtravaganza" en "gholfdag" miskien na iets in jou belangstellingsveld? Indien so, word jy uitgenooi om saam met alle Bloemfontein se oud-Kovsies en UV-personeel deel te neem aan die aktiwiteite wat deur die Alumnibond aangebied word.

Die volgende groot kuier is op 28 Augustus met 'n braai na die Kovsies/PUK Intervarsity. Dié geleentheid vind plaas by die Sand-du-Plessis Hoërskool se lapa.

Op 20 September kan alle kultuurvrate saam na die Kovsie-Xtravaganza – 'n vertoonproduksie van Kovsies se top kultuuraktiwiteite – gaan kyk.

Vir die sportgeesdriftiges word daar op 19 November 'n gholfdag gehou. Vir meer inlgiting omtrent die Kovsie Alumni Gholfdag kan belangstellendes vir Jeannette Jansen kontak by 051 4013594 of alumni@mail.uovs.ac.za



*Prof. Frederick Fourie at the Sports Festival in May.*

# PeopleSoft: Where are we now?

Some people still wonder what PeopleSoft is? How does it work? Why did the University of the Free State install the system? How does the use of this system benefit our university?

"For some, it seems as if PeopleSoft is the cause of each and every problem on campus. That is not quite true," says Mr Arie van der Bijl.

PeopleSoft is a new generation of Web-based software, which enables employees at an organisation like the UFS to use software in a more integrated way than in the past and to manage and retrieve information more effectively.

"Of course, that's the ideal, and we are certainly making progress towards this ideal with the implementation of PeopleSoft," says Mr Van der Bijl.

PeopleSoft has already gone "live" in two key areas, namely human resources and finance.

However, he says, the salary system being used is still Q-PAC and not PeopleSoft. Therefore certain changes in salary payments should not be attributed to PeopleSoft. The university, for example, used to have three separate payrolls – existing alongside one another. This included a system for ad hoc weekly payments. These payment cycles have been consolidated into one system with the result that ad hoc payments cannot be made weekly anymore. This has nothing to do with PeopleSoft as such.

Mr Van der Bijl says that training was not done in a classroom set-up. It was largely practical on-the-job training, with staff sitting in front of their computers and some getting trained over the telephone. There are other, more formal, training sessions scheduled for June 2004. This includes training on Crystal-reporting tool, and Query-reporting tool. This training will be given to staff from Human resources, Finance, Student administration and Computer Services. They will also train on higher level tools such as SQR. Later, faculty staff will also be trained on how to use PeopleSoft.

Mr Van der Bijl says the switch to the new system is understandably a difficult adjustment. "There are trade-offs to be made. For example, users may have to browse through an additional page on their screens. But is it not to the benefit of staff and students that we can deliver a better and cheaper service?"


He says that in the past whoever needed a new programme simply instructed Computer Services to write such a programme without costing it. These costs were therefore hidden.

Now with PeopleSoft, users must decide on the usefulness of a programme versus the cost of writing it, installing it and maintaining it.

Mr Van der Bijl says student administration is the most complicated area. The postponement of the graduation ceremony from March to April had a negative impact on the completion of its installation.

This is complicated by the fact that more than 100 000 academic records still need to be transferred to PeopleSoft.

Arie says: "However, we are working towards a July 2004 target to get most of the functionality for student administration up and running."



*Mr Arie van der Bijl, Director: Budget.*

# Soccer stadium will contribute to successful 2010 Soccer World Cup

The University of the Free State (UFS) intends to build a soccer stadium and training facilities on the main campus where participating teams in the 2010 World Cup finals will be able to train. Building the stadium and the facilities is part of the UFS's Sport Plan which was approved by management and the Council.

According to the Rector, Prof Frederick Fourie, the soccer stadium initiative align perfectly with the national 2010 Soccer World Cup effort in a very practical way. "It will strengthen the capacity of Bloemfontein and of the Free State to provide support for the 2010 World Cup initiative." He also said that the UFS is committed to the success of student soccer, to the national soccer effort and the successful hosting of the 2010 Soccer World Cup.

# Tien vang saam graad




Tien personeellede van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het op die herfsgradeplegtigheid hul grade ontvang. Dit is die grootste groep personeellede van die fakulteit wat die laaste paar jaar op dieselfde gradeplegtigheid hul grade ontvang het. *Hier is prof. Tienie Crous (Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – agter derde van links) by die groep studente wat hul grade ontvang het. Van links is, agter: mev. Jenny Ferreira (MBA), mnr. Deon van Zyl (B.Rek. Hons), mnr. Lyle Markham (B.Admin. Hons Bedryfsielkunde), mej. Marina Marinkov (B.Com. Hons Geld en Bankwese), mnr. Antonie Pool (Meestergraad in Ekonomie); voor: mev. Liezel Massyn (MA Hoër Onderwys), mej. Malinda du Plessis (B.Rek. Hons), mev. Ronel Kleynhans (B.Soc.Sc Hons Bedryfsielkunde), mej. Yolandi van der Berg (B.Soc.Sc Hons Bedryfsielkunde) en mnr. JP Geldenhuys (B.Com. Hons Ekonomie).*

## Land Bank and Faculty of Natural and Agricultural Sciences join hands

The Faculty of Natural and Agricultural Sciences and Land Bank joined hands to investigate a future chair in Agriculture.

Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the faculty, identified the need for an initiative that will address agricultural development in an integrated manner by optimising the intellectual resources within the faculty and enhancing the faculty's ability to respond effectively to challenges and opportunities in South Africa.

Mr Tiyani Mongwe, Manager: Board Secretariat of Land Bank's Head Office in Pretoria committed R250 000 to the UFS. This is the first gesture of their commitment over a period of three years. Prof. van Schalkwyk said that the faculty will use the money to research the field in which the Chair will be established.

Mr Mongwe said that Land Bank would like to see research projects driven by both professors as well as students. "The whole agricultural sector in its totality must be involved."

At an occasion where Land Bank handled the cheque to the UFS, the bank also announced that they will make available a bursary to a top achieving, financially disadvantaged, female student in Agriculture from January 2005. Land Bank already finances eight students from the Free State.




*At the function were from the left: Mr Tiyani Mongwe, Manager: Board Secretariat, Ms Thandi Mbabama, Regional Manager Land Bank, Mr Keith Cloves, Area Manager Land Bank, Prof. Herman van Schalkwyk, Dean: Faculty Natural and Agricultural Sciences.*

## Akademiese skryfwerk kry aandag

Die daarstelling van die Eenheid vir Retoriese en Akademiese Skryfwerk (ERAS) is vir 'n proeftydperk van een jaar goedgekeur. Die eenheid bied ondersteuning ten opsigte van akademiese skryfwerk aan magister- en doktorale studente van die UV.

Algemene skryf- en teksopbou-beginsels word aan studente oorgedra in konsultasie-gesprekke. Die studente word individueel of in kleingroep-verband gekonsulteer sodat voldoende aandag aan spesifieke behoeftes geskenk kan word.

Die analise en evaluering van studente se akademiese skryfwerk leer hulle ook om logies, sistematies en wetenskaplik te dink en te skryf. Die akademiese skryfwerkprogram is dus nie 'n taalversorgings- en proefleesdiens nie, maar het ten doel om denk- en skryfvaardighede van nagraadse studente te verbeter.

'n Advieskomitee, wat uit kundiges op die gebied van akademiese skryfwerk bestaan, is aangewys om die werksaamhede van die eenheid te moniteer en die eindproduk te evalueer. Prof. Louis Venter, voorheen van die Department Afrikaans en Nederlands aan die UV, tree op as konsultant.

# Alida sê vaarwel in biblioteek se mondigwordingsjaar

*Deur Leonie Bolleurs*

Mev. Alida Dippenaar, Registrateur Inligtingdienste en Tegnologie, lê die tuig neer na 22 jaar diens by die UV. Alida, wat op 1 Julie 1982 begin werk het, was sommer met die afskop van haar loopbaan betrokke by die beplanning van en trek na die nuwe biblioteek.

Na drie maande se beplanning het biblioteekinligtingsdienste vanuit die Johannes Brill-gebou na die UV Sasol Biblioteek-gebou getrek. Alida is opgewonde om te vertel dat die biblioteek in die eeufeesjaar van die UV sy mondigwording vier. "Die biblioteek is een van die bestes in Suid Afrika, wat goed vergelyk met biblioteke werêldwyd terwyl dit plaaslik 'n geweldige impak ter ondersteuning van navorsing en onderrig het," sê sy.

Ná 22 jaar diens praat sy met groot lof van haar werkgewer. "Die universiteit het ongelooflik baie vir my beteken. Ek skuld hom vir die voorreg om hier te werk. Dit is een van die instansies wat my die meeste *scope* en vryheid gee om werk op 'n innoverende wyse te doen," sê Alida.

Alida het baie hoogtepunte beleef in haar loopbaan. Gebeure soos die nuwe begin in die UV Sasol-Biblioteek-gebou en die bemarking van die biblioteek om studente te trek sodat hulle die waarde daarvan kan besef, was van die hoogtepunte.



*Mev. Alida Dippenaar in die nuwe rekenaarsentrum op Thakaneng-brug.*

Alida het ook 'n paar bydraes gelewer in haar dienstydperk by die UV. "Ek was nie alleen daarvoor verantwoordelik nie. Dit was 'n spanpoging." Van die bydraes was die ontwikkeling van 'n inligtingdiens in die elektronies-virtuele werêld. Deur middel van hierdie diens kan enige persoon met internet-gebruik toegang hê tot meer as 5 000 tydskrifte. In samewerking met die Departement Kommunikasie- en Inligtingsdienste het sy ook 'n basiskursus in inligtingsvaardighede ontwikkel. Sy was ook verantwoordelik vir 'n publikasiediens wat agt tydskrifte uitgee, waarvan die *Acta Academica* een so voorbeeld is.

Alida is nog nie gereed om by die huis te sit nie en sal na haar aftrede betrokke wees by e-leer tot einde 2004. In die tussentyd wil sy dit rustiger vat, oorsee gaan toer en vakansie gaan hou in die bosveld.

### Prof. Steyn nou Adjunk-inligtingsbeampte

Prof. Sakkie Steyn, die Registrateur: Algemeen is as Adjunk-inligtingsbeampte aangewys in die plek van mev. Alida Dippenaar, wat op 30 Junie 2004 aftree.

# Kommunikasie- en Inligtingstudie skakel met meestersgraadstudente

Die Departement Kommunikasie- en Inligtingstudie aan die UV het onlangs 'n sosiale geselligheid vir 40 nuwe meestersgraadstudente op die kampus aangebied. Die studente is vir vier verskillende grade binne die program van die departement geregistreer, naamlik M.A. Mediastudie, M.A. Korporatiewe Kommunikasie, M.A. Geïntegreerde Bemarkingskommunikasie en M.A. Kommunikasie. Twee van die huidige vise-rektore se persoonlike assistente is ook vir van die grade geregistreer, sowel as etlike ander sleutelpersoneellede op die kampus.

Die motivering- en gasspreker by die geleentheid was dr. Ezekiel Moraka, die Vise-rektor: Studentesake. Hy het met studente gepraat oor hulle kritiese bydrae tot die welsyn van die land en samelewing, en onder meer gewaarsku teen die geweldige implikasies van plagiaat in die huidige inligtingsera. Dr. Moraka het die toenemende belangrikheid van navorsing op nagraadse vlak vir die universiteit en die land se ekonomiese groei en volhoubaarheid beklemtoon.



*Op die geselligheid was van links prof. Johann de Wet, Departementele voorsitter; dr. Ezekiel Moraka, Vise-rektor: Studentesake; me. Liesl Louw, akademiese assistant en student in die departement, mnr. Vincent Nkotsi, student; prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe; en (voor) dr. Elsabé Pepler: Meestersgraad-programkoördineerder en Kwalifikasiehoof van Mediastudie.*

# Beskerm jou toekoms – dis so maklik soos 1, 2, 3, 4!


Die lewe is te kort om jou heeltyd te bekommer oor hoe om jou geldsake te bestuur. Daarom het Sanlam die 4in1 Plan geskep – sodat jy binne vier maklike stappe al jou versekeringsbehoeftes kan dek en jou toekoms kan verseker.

Dit werk só:

1. Jy kan uit die staanspoor besluit hoeveel lewensdekking jy wil kry uit die premie wat jy gekies het.
2. As jy ongeskiktheidsdekking byvoeg, groei dit saam met jou lewens-dekking.
3. Traumaversekering bied jou 'n kontantenkelbedrag wanneer jy dit die nodigste het.
4. Aangesien jy vir vyf jaar of langer belê, bied die 4in1 Plan jou 'n uitstekende spaarplan.

Dit kan kwalik makliker raak. En dit alles teen selfs net R80 per maand!

**Ben Opperman kan jou help om hierdie omvattende oplossing vir jóú te laat werk. Skakel hom sommer vandag nog.**



**Ben Opperman**
**Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur**
**051 407 8156**
**082 457 2240**
**benoprmn@intekom.co.za**

*Ons dink vooruit* Sanlam

# 5 Minute



# Mekêniek en gender

Dagsê!

Hoe't ek gesê van Twééterland? Dis drie maande later en die kampus lyk nou éérs of Amerika 'n paar teikens gemis het! En klaarmaak op skedule? Vergeet daarvan!

Bouers en Kar-mekêenieks kom uit dieselfde Oermoeder – om dit sagkens te stel! Vergelyk die ooreenkoms! Kar-mekêniek: "*Nee, Meneer, bring hom net vroeg in. Tjoef tjaf dan's hy gefieks. Next to nothing!"* Dan begin hy eers drie-uur aan jou kar werk as jy hom vieruur kom haal. Enjin oop, parte (boumateriaal?) lê die wêreld vol en kar-mekêniek in 'n depressie asof dit sy kar is en hy moet die hengse rekening betaal! Treurstem: *Nee, toe ek hom eers oopmaak toe sien ek wat die skade is en toe hoor ek eers wat die parte kos en toe kry ek meneer nie op die foon nie en toe dag ek ek gaan maar aan, maar nou kan meneer eers die kar oor 'n week kom haal want die parte moet ingevoer word en dis nou hoekom dit so duur is.* Nou huilstem: *Alles is 'n f........p!"* En die man sê nie graag die woordjie *flop* nie! Soos bouery! Jy kan nie omdraai nie!

Mammie sê dis omdat mans nie vooruit kan beplan en begroot nie. *Excuse me!* Maar as Egipte betyds gaan klaar wees vir die Olimpiese spele kan ons ook klaar wees! Bultjie was eendag daar by die Piramides (of was dit Memphis?) en ek het persoonlik gesien hoe 'n Egiptenaar binne 10 minute 67 vlieë op sy wang dooddruk. Jy moet net sistematies aangaan!

As die artikel verskyn, behoort dit amper Volksbladfees te wees. So as jy dink jou parkeerplek is nou kosbaar, wag vir die datums van 14 tot 18 Julie! En die studente kan verniet in hulle kamers kom bly. Hier gaan duisende mense wees! Kom! *Wees befees!* Nooi jou Skoonma ook! Sy kan in die koshuis bly vir *next to nothing!* Apie Blou van Potchefstroom sê hy wil net weet waar bly Nina van *7de Laan* of ons eie Theresa'tjie van *Song vir Katryn 2*, want hy wil ook daar inboek. Hy wil glo sy eie show met een van hulle reël, maar daar sal nie kaartjies te koop wees nie. Sy wederhelfte, Sus, sê Apie is so oud en vol plooie hy moet eerder op die KKNK se Rimpelfees gaan deelneem!

Vroue het ook nie simpatie nie! En die Rektor wil juis hê ons moet meer gender-sensitief op kampus wees. Bultjie stem in! Maar dit behoort in *reverse gear* ook te werk! Ribbes, my stout maatjie, sê hy was nog altyd verskriklik gender-sensitief – veral vir die delikater gender! Maar toe betrap sy verloofde hom op 'n rugbynaweek met een van die sensitiewer genders in die Beaconsfieldkroeg! Hy sê hy wou net vir die dametjie uit ordentlikheid 'n dop koop en hoor vir watter span skree sy en wat haar kerkverband is en so...

Blykbaar was sy verduideliking redelik onaanvaarbaar vir sy "onredelike" verloofde. Apie Blou erken hy't eenkeer *The taming of the shrew* gesien, maar in Ribbes se geval was dit *The taming with the shoe!* Sy moes blykbaar ook rofstoei gekyk het. Sy't hom verras met 'n paar grepe wat van min sensitiwiteit getuig het. Dis hoekom sy naam Ribbes is. Vier af. Twee weke op die bank. Nee, nie die paviljoenbank nie! Die sitkamerbank!

Maar dit ruik darem deesdae baie lekkerder in die fakulteitsvergaderings!

*'n Bruingebrande Bultjie*

## Aftredes, aanstellings en bevorderings

**Mnr. Ruben Gouws**, Adjunkdirekteur Vergaderings-administrasie, tree af na 23 jaar by die UV. Hy het die sekretariaat vir die Uitvoerende Bestuur hanteer.

**Mnr Jürgen Schwietering** van die Universiteit van Kaapstad is as mede-professor aangestel, en is senior kamermusikus in die Odeion Strykkwartet (viool).

**Prof. Hermie van Zyl** is aangestel as Dekaan van die Fakulteit Teologie.

**Prof. Helena van Zyl** is aangewys as secundus-dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Vanaf 1 Maart is die volgende personeel bevorder van mede-professor tot professor:

**Prof. Rudolph Britz** – Departement Ekklesiologie
**Prof. Fanie Riekert** – Departement Bybel en Godsdienskunde
**Prof. Pieter Verster** – Departement Sendingwetenskap.

## Nuwe kontoere vir kaartstelsels

Het jy dalk jou personeelkaart verloor? Is jy nuut aangestel by die UV? Indien jy "ja" geantwoord het op enige van die vrae sal jy in die nabye toekoms 'n besoek moet bring aan die Thakaneng-brug.

Op 1 April 2004 het Kaartstelsels, Etestelsels en Kassiere vanuit die George du Toit-administrasiegebou na die Thakaneng-brug verskuif. Mej. Petro van der Merwe beman Kaartstelsels, mnr. Robbie Crouch Etestelsels en mev. Marlyn Harmse is Kassiere.

Mnr. Crouch nooi alle personeel vriendelik uit om 'n etedeposito te maak. Friendly Seven Eleven, Chicken Land, Die Deli en Cherry Lane is op die stelsel en personeel sal kan aankope doen met hul kaart sodra 'n etedeposito gedoen is.

*vervolg van bl. 1*

standaard-bestuursprosesse van die UV om die werklading van personeel te reguleer omdat studentetalle toeneem.

- **Kontraktuele ooreenkomste met deeltydse personeel**: Die UV moet formele ooreenkomste met deeltydse en kontrak- personeel aangaan.
- **'n Formele kurrikulumkomitee**: Die UV het 'n struktuur nodig wat kan dien as 'n kanaal vir konsultasie, besluitneming en insette vanaf die fakulteit en waar alle MBA-dosente aan besprekings oor programme kan deelneem.
- **'n Stelsel van eksterne moderators**: Die behoefte is reeds deur die UV geïdentifiseer en die stelsel word in Julie 2004 geïmplementeer.
- **'n Verpligte navorsingskomponent**: Die UV moet 'n navorsingskomponent vestig wat die ontwikkeling van navorsingsvaardighede vir die besigheidsomgewing sal insluit. Die UV-bestuur het die behoefte vir so komponent geïdentifiseer en goedkeuring is verleen vir die implementering daarvan vanaf Januarie 2005.
- **Ondersteuningsprogramme vir leerders wat syferprobleme het**: Die UV het dit geïdentifiseer as 'n behoefte vir akademiese ondersteuning vir sommige leerders. 'n Program is reeds ontwikkel en sal vanaf Januarie 2005 geïmplementeer word.

Prof. Fourie sê dat reeds aan die meerderheid van hierdie voorwaardes voldoen is en vir die oorblywende sal daar binnekort aksiestappe geïmplementeer word. Daarom is die UV vol vertroue dat die drie MBA-programme binnekort volle akkreditasie sal ontvang.

Die UV is trots op sy MBA-program se reputasie in die mark. Die Bestuurskool is vroeër vanjaar beoordeel as die beste kleiner bestuurskool in Suid-Afrika. Dit is 'n bewys dat die UV daartoe verbind is om die hoogste kwaliteitstandaarde te behou. "Die UV ondersteun en waardeer die werk van die RHO en die RHO se spesifieke bevindinge rakende die drie MBA-programme is welkom," sê Prof. Fourie.



*Prof. Helena van Zyl*


# B & B Smithfield

## representing tourism excellence in Mohokare, Free State

***Experience Smithfield hospitality - and its just down the road!***

***Enjoy some of the Free State's best accommodation....!***

...as well as

***Golf, bowls, tennis • horse riding • bicycles to hire, • local pottery • delicatessen • gift shops museum • historic cemetery • walking in the unspoilt hills • hiking • farm braais/picnics, visit dairy sheep farm where cheese is made and interesting places to eat. Check on special activity weekends with interesting and well-known guides/speakers***

**Or, simply chill out in Smithfield's peaceful surroundings.**

***Special occasions, such as birthdays, can also be catered for up to about 30 people – at our local eating places.***

**For further information contact Linda or Peter**

**051 683 0390 • 083 206 3932 • 083 697 4014.**



# Klippies in my skoen

## 'Leer ons dan nie'

**Omgekrap sê**

Ek was verstom om te lees dat die universiteit talle van ons geboue na persone vernoem het. Leer ons dan nie uit die geskiedenis nie? Hoeveel keer het dit nie al gebeur dat dit later geblyk het dat die persoon na wie die gebou vernoem is, onaanvaar-bare geraamtes in die kas gehad het nie.

Of dat 'n groot deel van die bepaalde populasie (in hierdie geval ook personeel en studente) hulself glad nie kan identifiseer met dít waarvoor 'n betrokke persoon gestaan het nie? Ek is dan ook bewus van verskeie personeel, studente en ouers wat ernstige besware teen sommige van die benoemdes het, en ook omdat persone wat massiewe bydraes gelewer het, nie benoem is nie. Ja, natuurlik sal dit altyd gebeur, maar waarom trap ons dan nog steeds in die slaggat?

Daar is tog soveel ander pragtige Vrystaatse name wat baie meer neutraal is en dus nie soveel emosie sou opwek nie.

En hoekom is die personeel en studente nooit geken in die nuwe name van die geboue nie?

**Me Edma Pelzer: Direkteur: Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, antwoord soos volg:**

Ek kan maar net sê dat die prosedures en beleid noukeurig gevolg is. Almal het 'n kans gehad om die proses te beïnvloed. Daar was 'n geleentheid gegee vir voorstelle.

Tydens die UKR en die UB is daar wyd gekonsulteer oor die voorstelle en UB-lede was ook gevra om hul lyne/ fakulteite te raadpleeg. Toe eers is aanbevelings na die UV-Raad toe.

### Geboue / plekke kry nuwe name

**By Thakaneng-brug:**

- Multifunksionele lokaal – Die Ruimte
- Plein aan ooste kant – Kovsieplaza
- Plein aan noorde kant – Die Trappe

UV-Bemarking se kantore – Wekkie Saayman-gebou (vorige rektor)
Voormalige Alumni-huis – DF Malherbe-huis (vorige dosent/professor/rektor
Een van die vertrekke in DF Malherbe-huis – GM Hofmeyr (vorige rektor)
Onthaallokaal vir 15 - The Chair's Room
Onthaallokaal vir 40 – Kanseliers-kamer



# Briewe/Letters @

## Verbruikersvriendelik, sê prof. Magda

**Prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning, skryf:**

Ek wil graag die geleentheid gebruik om jou geluk te wens met die nuwe voorkoms van Informa (vorige uitgawe). As amptelike nuusblad van die personeel van die UV moet dit "verbruikersvriendelik" wees sodat dit personeel toeganklik sal vind, maar dit moet ook terselftertyd die gehalte van die UV weerspieël.

In hierdie verband het jy die perfekte balans getref, en kan met reg trots voel op die produk.

## 'Informa nou sommer spoggerig'

**Prof. Stef Coetzee, vorige rektor van die UV, skryf:**

Ek het vanoggend die jongste Informa ontvang met al die lekker nuus oor die opening vanjaar en dit baie geniet. Geluk met die nuwe baadjie wat julle aangetrek het. Informa is nou sommer spoggerig. Dit lyk mos soos 'n nuusbrief wat 'n mens wil optel en lees!

## Ander eet maar toebroodjies by die werk

**Op grond van talle klagtes wat ontvang is oor die verkeersituasie by die UV, skryf Nostalgies die volgende:**

Dit was nostalgies om in die vorige uitgawe te lees oor "Omgekrapte dosent" se probleem met die hoofuitgang tydens spitstyd. By die UV is dit mos deel van 'n mens se "byvoordele-pakket" om tussen 13:00 en 14:15 by die huis te gaan middagete nuttig. Dit het my laat dink aan wat prof. Chris Small ('n vorige viserektor: akademies) by geleentheid gesê het oor die transformasie van die UV: "Julle kan enige ding hier verander, maar nie die reël dat ons vergaderings eers om 14:15 begin in die namiddag nie!". In die groter stede is middagete by die huis lank nie meer deel van die "byvoordele-pakket" nie en eet die mense maar toebroodjies en derglike by die werk.

# ... Bottom Line ...




## Advertensies

**2.5 Mazda Drifter 4X2 Turbo Diesel**. Lugversorging met kragstuur. 2003-model met 35 000 km. Prys R139 000. Skakel 082 851 9818.

**Gastehuis op Stellenbosch:** Kleine Herberg Gastehuis. Geleë in veilige, rustige Mostertsdrift, naby Coetzenburg-sportgronde en Eersterivier. Bed en ontbyt asook selfsorg. Dubbel R180 p.p. en enkel R240 p.p. Spesiale tarief vir langtermyngaste. Skakel Carien Smith by 021 887 5558 of 082 331 8834 of stuur e-pos na kleineherberg@yahoo.com.

**Woonstel beskikbaar.** Veilige omheinde parkering. Ongeveer 1 km van die universiteit. Bel 522 5554 of 082 789 1673 of 083 283 9612.

**ACCOMMODATION**

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for large/small groups (sports groups/academic/ holiday accommodation)**
**Five Star budget accommodation**
**Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**
**Rates:**
**From R75 / sharing**
**(Bed & Breakfast, Continental)**
**Meals available upon request**
**Phone : (021) 447 9056**
**Fax : (021) 447 5192**
**E-mail : info@riverview.co.za**
**Special group rates / Long staying guests are eligible to our discount**

## Esta visited NASA

Dr Esta van Heerden from the Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology was invited to visit the NASA Astrobiology Institute Executive Council (EC) Meeting at the NASA Ames Research Centre. She presented some perspectives on the UFS's potential as Astrobiology International Partner and stimulating collaborative interests. The research in Extreme Biochemistry is part of an Astrobiological Institute, IPTAI, that involves the Universities of Indiana, Princeton and Tennessee. The Administrator of NASA, Sean OKeefe, also attended this meeting and gave his assurance that Astrobiology is one of the key issues in all new space adventures.

Esta also attended the Astrobiology Science Conference. Their collaborative work with Princeton University was presented at this meeting. The USA trip was concluded with a visit to Tennessee to work out details of the eight-week-long upcoming Research Exchange for Undergraduates programme and a stop- over in New York to meet with the Princeton colleagues, as well as a specialist on Bioremediation.



*Dr Esta van Heerden visited the NASA Ames Research Centre in the USA.*

**Publikasiebesonderhede**

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs

**Uitleg en drukwerk:** Handisa Drukkers

**Menings wat in *Informa* gelug word, weerspieël nie noodwendig dié van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**

**informa.stg@mail.uovs.ac.za**

**http://www.uovs.ac.za/publications**
**http://www.uovs.ac.za/publikasies**

**Adresplakker**